higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N6

20 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar
1.11 Waar
1.12 Waar
1.13 Onwaar
1.14 Waar
1.15 Onwaar
1.16 Waar
1.17 Waar
1.18 Onwaar
1.19 Waar
1.20 Onwaar

(20 × 2) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Geskil
2.1.2 Arbeidsoptrede ('industrial action')
2.1.3 beskermde
2.1.4 'n onbeskermde staking
2.1.5 lone

(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1
- Lone
- Werksomstandighede
- Voordele
- Opleidingskemas
- Afleggings
- Onbillike afdankings

(Enige 5 × 2) (10)

2.2.2
- Om niebetrokke werknemers aan te spoor om by die protes aan te sluit
- Om niebetrokke werknemers daarvan te weerhou om die stakerswaglinie ('picketing line') oor te steek en die werkplek binne te gaan
- Om te verhoed dat voorrade afgelewer word of goedere opgelaai word
- Om kliënte of ander organisasies te verhoed om sake te doen met die organisasie
- Om plaasvervangers weg te hou van die werk
- Om ter ondersteuning van 'n wettige staking of uitsluiting ('lockout') vreedsaam te betoog (6 × 2) (12)

2.2.3
- Werknemers sal nie hul lone verloor nie aangesien dit moeilik is om sloeraksies te bewys.
- Werknemers kan nie met tydelike werkers vervang word nie.
- Dit bring die ontevredenheid van werknemers onder die werkgewer se aandag.
- Dit is die soort arbeidsdruk met die minste ontwrigting. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Dit is die mees algemene soort bedinging binne 'n arbeidsituasie. Die meeste kwessies is ekonomies van aard.

3.1.2 Dit vind plaas wanneer beide partye na 'n suksesvolle uitslag streef. Probleme kan hanteer word.

3.1.3 Dit is streng gesproke nie 'n kollektiewe bedingingstyl nie, maar 'n manier om kollektiewe bedinging te benader. Fasilitering vind plaas voor kollektiewe bedinging.

3.1.4 Dit is streng gesproke nie 'n kollektiewe bedingingstyl nie, maar 'n beplanningstrategie voor kollektiewe bedinging. Dit is voorafbeplanning en identifikasie van kwessies en probleemareas en areas waar toegewings gemaak sal word.

(4 × 5) (20)

Kopiereg voorbehou

3.2

GESENTRALISEERD	GEDESENTRALISEERD
• Erkenningsooreenkoms moet gereed wees. • Kollektiewe bedinging vind plaas, wat beteken dat vakbonde namens individue van die groep sal beding. • Kollektiewe bedinging met topbestuur van een of meer organisasies vind plaas. • Kollektiewe bedinging moet aangeteken word. • Kollektiewe bedinging is formeel.	• Erkenningsooreenkoms is nie 'n vereiste nie, maar word sterk aanbeveel. • Kollektiewe bedinging neem gewoonlik plaas, maar individuele bedinging is nie uitgesluit nie. • Vakbondlede het groter inset en is meer persoonlik betrokke. • Dit word aanbeveel dat kollektiewe bedinging altyd aangeteken word, maar dit mag ook mondelingse ooreenkomste insluit. • Kollektiewe bedinging kan formeel of informeel wees.


(Enige 2 × 5) (10)

3..3
- Vlak van onvermoë
- Rede vir onvermoë
- Moontlikheid om alternatiewe werk te kry
- Aanpassing van take
- Aanpassing van werksomstandighede

(Enige relevante 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1



(6 × 2) (12)

4.2
- Dissiplinêre prosedure
- Grieweprosedure
- Afdankingsprosedure
- Geskilbeslegtingsprosedure
- Appèlprosedure (5 × 2) (10)

4.3
- Groepe inlig
- Werkersrade
- Werkplekforums
- Komitees vir gesondheid en veiligheid
- Komitees vir vakbondverteenwoordigers
- Komitees vir maatskaplike verantwoordelikheid
- Raadgewende komitees (8 × 2) (16)

4.4 Mildred Oliphant (2)
[40]

VRAAG 5

5.1

	AANWYSERS	AKTIWITEIT	DOEL	VOORBEELDE
5.1.1	**Vervreemding**	Werknemer werk nie	Individue verwyder hom-/haarself uit werksomgewing	Afwesigheid
5.1.2	**Produkaanslae**	'n Verandering in werkspatrone	Verminder of staak produksie	Sloerdery
5.1.3	**Inligtings-aanslae**	Verdraaiing of onderbreking van inligtingsvloei	Verwarring en verkeerde inligting	Gerugte
5.1.4	**Verslegtende werksverhou-dinge**	Onaanvaarbare en onproduktiewe gedrag	Saai onmin, isolasie van individu	Argumente

(Enige 4 × 3) (12)

5.2
- Om kollektiewe ooreenkomste af te handel
- Om kollektiewe ooreenkomste af te dwing
- Om arbeidsgeskille te voorkom en by te lê
- Om die geskil se besluite uit te voer
- Om 'n fonds vir die bylegging van geskille te stig en te bestuur
- Om fonds vir pensioen, voorsorg, ens. te stig en bestuur
- Om voorstelle te ontwikkel vir voorlegging aan NEDLAC
- Om sake deur middel van kollektiewe ooreenkoms te bepaal
- Om op werkplekforums te onderhandel
- Om arbeidsteundienste binne die sektor te verskaf

(Enige relevante 10 × 2) (20)

5.3
- Dit kom nie voor nie weens onderhandeling.
- Dit is nie onderworpe aan onderhandeling nie.
- 'n Reg is dit waarop 'n party volgens wet geregtig is.
- Geskille rakende regte is aan versoening onderworpe. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 6

6.1
- Bepaling of kennis van prosedure skriftelik moet wees
- Keertye vir antwoorde op aantygings of eise
- Reëlings vir aanvanklike vergadering
- Keertye vir daadwerklike onderhandeling
- Stipulasie oor ander metodes
- Bepaling of die geskil oor 'n reg of 'n belang gaan
- Bepaling of daar 'n laaste stap tot regstappe sal wees
- Bepaling of'n staking of 'n uitsluiting as 'n gevolg van die geskil toegelaat sal word (Enige 6 × 2) (12)

6.2
- Die organisasie sal benadeel word, want dit sal die winsgewendheid van die organisasie beïnvloed.
- Nie alle vakbonde is georganiseerd genoeg om hierdie optrede te begin nie.
- Die organisasie is dalk nie bekend of gewild genoeg om geteiken te word nie.
- Negatiewe publisiteit kan veroorsaak dat 'n organisasie sy markposisionering verloor en dit kan selfs lei tot afdankings van personeel, veral tydens 'n insinking in die ekonomie.
- Heelwat suksesvolle lastersake is al deur 'n organisasie aangegaan waar publisiteit te negatief was. (Enige relevante 5 × 2) (10)

6.3
- Kollektiewe bedinging
- Versoening
- Bemiddeling
- Arbitrasie
- Arbeidsoptrede (Enige 4 × 2) (8)

6.4
- Staak die gebruik van kontrakdienste
- Verminder
- Lê mense tydelik af
- Verkort werktyd
- Kansellleer enige oortydwerk (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou